

# Die Voortrekkers Transvaal

## VLOTVAART 2018

**KOM ROEI, KUIER, ONDERSTEUN EN GENIET DIE VLOTVAART SAAM MET ONS!!!**

Die Vlotvaart vind vanjaar vanaf 21h00 op Vrydagaand 19 Oktober tot 06h00 op Saterdagoggend 20 Oktober 2018 te **BAJADAM-OORD** op die **Bronkhorstspruitdam** plaas. (Kaart aangeheg.) Staanplekke word vir elke kommando/oord/vlot toegeken. Elke kommando/oord/vlot moet vir sy eie Gazebo's/tente sorg. Hier is baie spasie vir tente, kuier en vlotbou. Daar is ook 'n braaiplek by elke staanplek. Daar is toegang tot krag, maar lang verlengkoorde sal nodig wees.



- **Afdelings:** Deelnemers word in die volgende afdelings geklassifiseer:

Natspane - Graad 6 en 7  
Roeimeesters - Graad 8 en 9  
Spaanbrekers - Graad 10, 11 en 12  
Vlotbrekers – Slegs Volwassenes  
Gemengde Span – Enige ouderdomsgroep

Gemodifiseerde vlotte - Enige ouderdomsgroep

Natspane-, Roeimeesters- en Spaanbrekers-spanne bestaan uit 6 kinders en 1 volwasse persoon. Vlotbrekers-spanne bestaan uit 7 volwassenes terwyl Gemengde Spanne en Gemodifiseerde Vlot-spanne uit 7 persone bestaan waarvan ten minste 1 'n volwassene móét wees.

*LW Gemodifiseerde vlotte neem nie aan die algehele kompetisie deel nie – slegs in 'n eie unieke afdeling.*

- **Inskrywings:** Gebruik die inskrywingsvorm op die webblad en voltooi dit asseblief **elektronies per kommando**. Vul slegs vanne, name en grade in. Maak asseblief seker dat die **korrekte graad** vanaf die "Drop down" lys by **elke inskrywing** gebruik word. Dis baie belangrik – ons betaal die oord op 'n glyskaal volgens die grade van die kinders. Die totale bedrag verskuldig deur die kommando sal outomaties bereken word.

**E-pos** asseblief die inskrywingsvorm na: **koosstofberg@sanlam4u.co.za**

- **Inskrywingsgelde:** Kinders & Volwassenes: **R30,00**

**LET WEL:** Vlotvaart het sy eie bankrekening. Inskrywingsgelde is betaalbaar aan: "**Vlotvaart**", Standardbank, Castle Walk, Takkode: **014645**, Rekeningno: **414559924**. Gebruik asseblief die "**Kommandonaam**" as verwysing. **Alle** betalings word deur die kommando hanteer – geen individuele betalings en inskrywings sal aanvaar word nie.

Skandeer en e-pos 'Bewys van betaling' na [koosstofberg@sanlam4u.co.za](mailto:koosstofberg@sanlam4u.co.za)

- **Toegangselde per motor by die hek:** Daar is **géén** toegangselde vir motors nie.

- **REDDINGSBAADJIES** IS VERPLIGTEND VIR ALMAL OP 'N VLOT EN MOET DEUR DIE KOMMANDO SELF VOORSIEN WORD.

- Inskrywingsvorme en vlotvaartreëls is op die webblad van Die Voortrekkers Transvaal: beskikbaar.




- **LET WEL: Meelopers wat *nie Voortrekkers is nie*** se ouers/voogde **móét** die toepaslike vrywaringsvorm, beskikbaar op die web, voltooi en onderteken. **Dit bly die inskrywende kommando se verantwoordelikheid om hierdie vrywaring van die ouers te bekom! Hierdie vorms word by elke kommando gehou.**

- **Snoepie:** Bring geld saam, daar sal 'n snoepie wees.

- ALLE **TROFEES** WAT IN 2017 TOEGEKEN IS, MOET BY DIE GEBIEDSKANTOOR INGEHANDIG WORD VÓÓR OF OP VRYDAG 12 OKTOBER 2018. ONTHOU OM 'N GEGRAVEERDE NAAMPLAATJIE AAN TE BRING.

- **Sluitingsdatum:** DINSDAG 16 OKTOBER 2018

**NAVRAE:** Koos Stoffberg  
082 577 1234 / 012 347 5075  
[koosstofberg@sanlam4u.co.za](mailto:koosstofberg@sanlam4u.co.za)



**BAJADAM OORD**  
(Toegang tot oord vanaf R42)